# Gesels saam

## GRAAD 1-3

## WELKOM

Vra vir die kinders wie van hulle al siek was. Gee vir hulle kans om te vertel wat fout was en wie hulle gehelp het om gesond te word.

## WONDER

Vandag lees ons ’n storie van ’n siek man wat homself sewe keer in die Jordaanrivier moes gaan was om gesond te word.

Vertel die storie van 2 Konings 5:1-15 vir die kinders op ’n eenvoudige manier.

Maak die volgende duidelik: Naäman sou sekerlik gesterf het as dit nie vir die jong dogtertjie was wat vir hom vertel het van die profeet van God wat hom gesond kan maak nie. Al was sy klein, het sy geweet sy kan die man help.

Laat die kinders die volgende agter jou aan sê: “Al is ek jonk, kan ek mense help.”

Gesels saam:

- Vertel vir die groep van ’n keer wat jy gevoel het jy kan iemand help, maar toe te skaam of te bang was om dit te doen.

## WEES

Gee vir elke kind ’n afskrif van die hulpmiddel “Naäman was homself in die Jordaanrivier”, asook ’n roomysstokkie en ’n weggooibare glasie. Maak vooraf ’n gleufie onderin elke glasie (’n roomysstokkie moet deur die gleufie pas).

Laat die kinders die twee prentjies van Naäman inkleur en op die rame uitknip. Plak die prentjie van die “siek” Naäman aan die een kant van ’n roomysstokkie en die prentjie van die “gesonde” Naäman aan die ander kant (rug teen rug). Laat die kinders hulle weggooibare glasies versier sodat dit soos ’n rivier lyk.

*Nota:* Gebruik gerus blou weggooibare glasies (as jy in die hande kan kry). Dan hoef die glasies nie versier te word nie.

Die kinders kan nou hulle roomysstokkie deur die gleufie in die glasie druk om te wys hoe Naäman homself sewe keer in die Jordaanrivier gewas het.

## WEGSTUUR

Gebruik jou glasie om die storie van Naäman vir jou huismense te vertel.
Kyk vanaand in die spieël en sê hardop: “Al is ek jonk, kan ek mense help.”